# GEE U MENING OOR DIE STAATSDIENSWYSIGSWETSONTWERPE

Die Wysigingswetsontwerp op die Staatsdiens (WS of "PASA" in Engels) [*B13B-2023*] en die Wysigingswetsontwerp op die Bestuur van Staatsadministrasie (WBS of "PAMA" in Engels). [*B10B-2023*]

Wat dié Wetsontwerpe voorstel:

**Die Wysigingswetsontwerp op die Staatsdiens [*B13B-2023*]**

Om die Staatsdienswet, 1994, te wysig ten einde:

- voorsiening te maak vir die oordra van administratiewe magte van uitvoerende owerhede na departementshoofde.
- die rol van die Direkteur-Generaal in die Presidensie te versterk om die President te ondersteun.
- voorsiening te maak vir ’n meganisme om die verhaal van vergoeding en voordele wat te veel betaal is, te hanteer.
- die rol van die Staatsdienskommissie aangaande besware te verduidelik; die rol van die President en die Premier aangaande die aanstelling en beroepsgebeurtenisse van departementshoofde, te verduidelik; en
- voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

**Wysigingswetsontwerp op die Bestuur van Staatsadministrasie (WBS) [*B10B-2023*]**

Om die Wet op die Bestuur van Staatsadministrasie, 2014 te wysig, om sodoende:

- verder voorsiening te maak vir die oordrag en detasjering van werknemers.
- duidelikheid te verskaf aangaande die verbod op werknemers wat besigheid met Staatsorgane doen.
- voorsiening te maak vir die stigting van die Nasionale Regeringskool as ’n nasionale departement.
- voorsiening te maak vir die verwydering van indiensname-ongelykhede regoor die Staatsadministrasie; voorsiening te maak vir die koördinering van die mandaatproses vir gesamentlike bedinging in die Staatsadministrasie.
- die Bylae te wysig om sekere gevolglike wysigings aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

**Ons wil graag van u hoor!**

Dien u mening in en help om die toekoms van Staatsadministrasie te vorm.

Sperdatum vir voorleggings: 13 Maart 2025

E-pos voorleggings aan: Neo Montisi – NMontisi@gpl.gov.za

**Woon die openbare verhoor by:**

**Datum:** 13 Maart 2025

**Tyd:** 10:00 vm.

**Plek:** Johannesburg Stadsaal

**Kan u nie persoonlik bywoon nie?** Stroom regstreeks die Gautengse Provinsiale Wetgewer se Facebook- en YouTube-bladsye.

ŉ Voorafgaande werkswinkelverhoor word vir dié Wetsontwerp beplan. Besoek gerus www.gpl.gov.za of skandeer die QR-kode vir meer inligting.